# Huisgeloof

Druk afdeling

## WELKOM

Teken of verf ’n boomstam op ’n wit karton (A4 of groter). Terwyl julle dit doen, vertel vir mekaar of julle al in ’n boom geklim het. Wat was julle ervaring van boomklim?

## WONDER

Lees Lukas 19:1-10 saam.

Gesels saam:

- Hoekom dink julle wou Saggeus so graag vir Jesus sien?
- Waarom wou Jesus by dié hooftollenaar gaan eet het?
- Hoekom dink julle belowe Saggeus om so baie geld en besittings terug te gee?

## WEES

Druk julle vingers in groen verf en druk dit op die papier om blare vir julle boom te maak. Julle kan ook blare teken.

*Alternatief:* Tel blare op en plak dit op die papier. Laat elkeen in die gesin

ʼn unieke blaar optel.

Skryf jou naam op of onder die blaar wat jy "gemaak" of geplak het. Dit sal julle help onthou dat ons elkeen op ons unieke manier ʼn verskil in die wêreld kan maak.

## WEGSTUUR

Dink saam aan maniere waarop julle hierdie week ʼn verskil in iemand se lewe kan maak.